

Inhoud

	Bladsy
Voorwoord	3
Hoofstuk 1 Eerste kontak en vestiging in Angola, 1880-1881	7
Hoofstuk 2 Uitbreiding en ekonomiese ontwikkeling, 1882-1888	25
Hoofstuk 3 Ontdekking, 1889-1895	46
Hoofstuk 4 Vertroebelde verhoudings, 1896-1907	64
Hoofstuk 5 Kerkskeuring en broedertwis, 1908-1913	95
Hoofstuk 6 Oorlog en armoede, 1914-1918	113
Hoofstuk 7 Afrikanernasionalisme, 1919-1925	131
Hoofstuk 8 Exodus, 1926-1928	152
Bylae A Gelukwensing aan die goewerneur generaal, 1882	178
Bylae B Versoek van die koloniste wat in Humpata gevestig is, 1882	179
Bylae C Verslag van F.J. Nobre Pándega, landboukundige, 23 Maart 1968.	181
Bylae D Heli Chalelain se beskrywing van die Afrikaners,	185
Bylae E Huwelike van Angola Afrikaners	186
Bronne	258
Kaarte: Portugese beheer in Angola, 1880	263
Afrikaner transportroetes in Angola	264
Afrikaner migrasies en nedersettings ca. 1910	265
Afrikanernedersettings in Angola, ca. 1928	266

VOORWOORD

Hierdie verhaal, 'n verwerking van 'n doktrale verhandeling¹, handel oor die Afrikanersamelewing wat vanaf 1880 tot 1928 in Angola bestaan het.

Gedurende die afgelope tagtig jaar en méér het talle populêre werke oor die Dorslandtrekkers en Angola Boere verskyn. Vakhistorici het egter grootliks nagelaat om die geskiedenis van die Afrikaners - wat hulle in die negentiende en twintigste eeue in Angola bevind het – na te vors. Hierdie verskynsel kan moontlik verband hou met die feit dat Afrikaners 'n beperkte rol in die politieke lewe van Angola gespeel het. Waar die geskiedenis van die Afrikaners in Suid-Afrika tot 1994 ten nouste met politieke geskiedenis gekoppel was, is die skynbare gebrek in belangstelling in sosiale geskiedenis miskien verstaanbaar. Behalwe taalprobleme kan die geografiese ligging en die relatiewe ontoeganklikheid van die Angolese argiewe, ook 'n belangrike rede wees hoekom daar nie vroeër intensief oor hierdie onderwerp navorsing gedoen was nie.

In teenstelling met die verblyf van die Afrikaners in Angola, het die trekke na Angola vroeg die aandag van akademiërs geniet en het G.P.J. Trümpelmann in sy verhandeling *Die Boer in Suidwes-Afrika* reeds hieroor geskryf. Ander historici het ook die trekbewegings uit die Transvaal aangeraak in hulle verhandelinge; voorbeelde hiervan is Davies se *Palgrave and Damaraland*, Nieuwoudt se *Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika, 1875-1902*, asook Stals se navorsing oor *Die aanraking tussen Blankes en Ovambo's in Suidwes-Afrika, 1850-1915*. Tot 1975 was die mees omvattende werk oor die oorsake vir, en die trekbewegings self, J.L. Hattingh se D. Phil.-verhandeling: *Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek, 1875-1895*. Sedertdien het daar nog Ph.D.-verhandelinge die lig gesien waaronder N.A. Burger se *Die Dorslandtrek: 'n Histories-Geografiese Studie 1870-1954* (1978) en J.G. van Tonder se *Kerkuitbreiding deur die Angola trekke; 'n Kerkhistoriese beoordeling* (1998).

As oorsake vir die dorslandtrek wat in 1874 uit die Wes-Transvaal vertrek het en in Angola geeëndig het, het Hattingh 'n algemene trekklustigheid, 'n voorliefde vir die jagterslewe, verskeie ekonomiese oorwegings en politieke en godsdienstige ontevredenheid onderskei. Hattingh, asook sy voorgangers, het die voordeel gehad dat die trek volledig beskryf is deur die Dorslandtrekkers self, asook individue wat met hulle kontak gehad het.² Die Britse historikus, Clarence-Smith, het Hattingh se verskillende motiewe vir die trek bevraagteken en die Dorslandtrek aan hoofsaaklik ekonomiese faktore toegeskryf.³ Hierdie aanname is egter onder verdenking omdat sommige van sy

1 Heese, H.F: Die Afrikaners in Angola, 1880-1928. Ongepubliseerde Ph.D.-verhandeling, U.K., 1976.

2 Vergelyk die werke van D. Postma: *De Trekboeren te St. Januario*; W.W. Jordan: *Journal of the Trek Boers*; D.C.F. Moodie: *The history of the battles and adventures of the British- the Boers, and the Zulus, etc. in Southern Africa*, V. 2; asook berigte in Kaapse, Natalse en Transvaalse koerante uit hierdie tydperk.

3 W.G. Clarence-Smith: The Thirstland Trekkers in Angola, *The societies of Southern Africa in the 19th and 20th Centuries*, IV, pp.275-281. Hy het uit verskeie Afrikaanse bronne aangehaal. Kyk ook sy werk: *Slaves, peasants and capitalists in southern Angola, 1840-1926*.

bewerings slegs op sekondêre bronne staatmaak. Daar word in hierdie werk volstaan met Hattingh se uiteensetting vir die trekredes.

Aangesien die kerk 'n belangrike rol in die kulturele lewe van die Afrikaner in Angola gespeel het, het predikante wat vanaf die stigting van die Gereformeerde Kerk in Angola in 1881 die gebied gereeld besoek het, nie net 'n belangrike rol gespeel in die rigtinggewing van die geskiedenis van die gemeenskap nie, maar het hulle ook waardevolle dokumente nagelaat oor die doen en late van die Afrikaners. Twee belangrike werke oor die kerklike lewe het dan ook uit die penne van predikante verskyn. Ds.D. Postma se *De Trekboeren te St. Januario of Eenige Schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren thans bekend onder den naam van de Gereformeerde Gemeente te St. Januario Humpata*, het reeds in 1897 verskyn en bly nog steeds die belangrikste bron oor die vroeë geskiedenis van hierdie gemeenskap. In 1975 het professor J.P. Jooste se *Gedenkboek van die Dorslandtrek* verskyn waarin hy hoofsaaklik die kerkgeskiedenis van die gemeenskap weergegee het.

Verskeie Suid-Afrikaanse skrywers het ook oor die Afrikaners in Angola geskryf en fasette van hul geskiedenis uitgelig. So het Johannes von Moltke die jag en militêre aspekte beklemtoon in sy *Veldsmanne* (1958) en *Jagkonings* (1945), en P.J. v.d. Merwe in *Ons Halfeeu in Angola* (1951) die verdelende faktore in Afrikanergeledere, die oorloë teen die inheemse bevolking en die onderdrukkende maatreëls wat die Portugese owerheid mettertyd op die Afrikaners toegepas het. Hoewel talle aspekte van die Afrikaners se gemeenskapslewe reeds volledig behandel is, onder andere die kerklike, volkskundige, genealogiese⁴ en militêre aspekte, het daar nog leemtes bestaan ten opsigte van die ekonomiese rol wat die Afrikaner gespeel het. So ook hulle verhoudings met die Portugese owerheid - wat aanvanklik goed was, maar geleidelik versleg het.

'n Leemte in die werke wat tot nou verskyn het, is die feit dat al die navorsing hoofsaaklik op Suid-Afrikaanse argiefnavorsing en gepubliseerde bronne berus het; of dat staat gemaak was op reeds gepubliseerde Afrikaanse werke wat hoofsaaklik die Afrikanergemeenskap as heroïese pioniers, en later as onderdrukte minderheidsgroep, uitgebeeld het. Verskeie publikasies het meer onlangse verskyn en berus op manuskripte en herinneringe van persone wat vroeër in Angola gewoon het; in die toekoms sal hierdie publikasies toenemend belangrike historiese bronne word.⁵

Die doel van hierdie studie was om aan die hand van beskikbare dokumente in die Suid-Afrikaanse staats- en kerkargiewe, sowel as Portugese dokumente in die *Arquivo Histórico de Angola* en ander Angolese streeksargiewe, 'n geheelbeeld te vorm oor die geskiedenis van die Afrikanersamelewing in Angola. Wat tot in die 1970's ontbreek het, was 'n objektiewe studie van hulle ekonomiese rol asook hul verhoudings met ander volks- en kultuurgroepe. Van hierdie onderwerpe was reeds deur skrywers behandel maar sou weer onder die loep kom omdat juis hierdie aspekte, en veral die kerklike, 'n kerndeel van die geheelbeeld vorm. Behalwe die verhoudings tussen die Afrikaners en die Portugese in Angola onderling, is daar ook gepoog om die uitwerking wat

4 Heese, H.F: Genealogie as hulpwetenskap van geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola, 1881-1928. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.K., 1974.

5 Kyk die publikasies van A. Alberts se *In Vreemdelingskap* (Doornfontein, 1990), H.G Van der Westhuizen se *Herder in Angola*, (Pretoria, 1994) en Jurie Viljoen: *Pioniers van die Dorsland* (Windhoek, 2001).

interstaatlike verhoudings op die Afrikanergemeenskap gehad het, te ondersoek.

In hierdie studie het daar aspekte te voorskyn gekom wat vroeër nie vermeld was nie – of moontlik doelbewus verswyg was. Aan die ander kant het daar sekere feite juis in Angolese dokumente te voorskyn gekom wat vroeëre tradisionele beskouings oor die Afrikaners bevestig en versterk het. Omdat die Angolese dokumente oor die Angola Afrikaners blykbaar nog nie tevore deur Suid-Afrikaanse historici ondersoek of benut was nie, het ek tussen 1971 en 1975 die *Arquivo Histórico de Angola* in Luanda, asook die streeksargiewe waar Afrikanernedersettings in Angola bestaan het, stelselmatig deurgewerk. Op hierdie wyse het ek ook met die Afrikaners, wat nié in 1928 na Namibië getrek het nie, asook hulle nasate, kennis gemaak. Hierdie mense was vir my ‘n lewende skakel met die verlede en was ‘n belangrike stimulus vir my navorsing. In Namibië het ek ook met verskeie Afrikaners onderhoude gevoer wat hulle beste jare in Angola deurgebring het; ook deur hulle kon ek ‘n beter insig in hul lewensomstandighede in Angola verkry. Baie van hierdie verklarings het ook nuwe feite aan die lig gebring waarvoor ek later die dokumentêre bewyse kon vind. Die meeste van hierdie gesprekke is op band bewaar.

Die skryf van hierdie verhaal het sekere praktiese probleme opgelewer. Vanweë die relatief klein gemeenskap wat slegs kerklik - en nie ook polities - georganiseer was, was daar feitlik ‘n algehele gebrek aan politieke hoogtepunte waaraan die geskiedenis van hierdie groep Afrikaners geanker kan word. Hoewel dit nie aanvanklik so bedoel was nie, het hierdie studie mettertyd die vorm van ‘n gemeenskapsgeskiedenis aangeneem wat hoofsaaklik om die kerk en militêre lewe gedraai het. As gevolg hiervan is daar dan ook insidente beskryf en individue ingesluit wat in ‘n wyer en meer algemene geskiedenis normaalweg nie genoem sou word nie; in hierdie geskiedenis van ‘n “kleiner” gemeenskap kry hulle egter name en ‘n staanplek en moet die resultaat van hierdie navorsing dus as sosiale of streeksgeskiedenis gesien word.

Hierdie studie is chronologies benader. P.J. van der Merwe se siening in *Ons Halfeeue in Angola* was dat die Afrikaners vanaf 1880 tot 1915 vir die Portugese owerheid as militêre bondgenote onmisbaar wees; ná die onderwerping van die laaste opstandige swart stamme in Suid-Angola was die Afrikaners egter ‘n turskvy vir die Portugese omdat hulle ‘n gemeenskap binne ‘n gemeenskap gevorm het wat geweier het om met die Portugese koloniste te assimileer. Verder het hulle aan ‘n lewenswyse vasgeklou wat vreemd en in stryd met die Portugese gemeenskaps- en politieke lewe was. Douglas Wheeler het in sy boek *Angola* (1971) ook twee fases onderskei: ‘n simbiotiese periode tussen 1879 en 1893 gevolg deur ‘n fase van groeiende suspisie, wedersydse beskuldigings en misverstande vanaf 1893 tot 1928. Daar kan egter ook drie fases onderskei word: ‘n tydperk van wedersydse samewerking ten spyte van onderlinge verskille (1880-1895), ‘n tydperk van wedersydse wantroue ten spyte van sekere gemeenskaplike belange (1896-1918) en ‘n tydperk wat gekenmerk is deur die ontluiking van ‘n sterk Afrikanernasionalisme in Suid-Angola gedurende die tydperk 1919-1928.

Die mees belangrike aspek van hierdie navorsing was om die rol wat die Afrikaners in die ekonomiese- en ontwikkelingsgeskiedenis van Angola gespeel het, na te vors en dokumentêr te staaf. So ook om die Afrikaners se aandeel in perspektief te stel deur ook die tydgenootlike Angolese dokumente en samelewing te bestudeer en te evalueer.